die begin van die Lente. Die algemene gevoel is dat vye maklik groei, maar deur te vroeg of te laat uit te haal kan bome steeds verloor word.

Die volgende reëls kan egter verliese voorkom:

Reël 1 : Doen naslaanwerk en poog om soveel moontlik te lees oor die boom wat u van voornemens is om uit te haal. 'n Seisoen se ervaring met 'n saailing van die spesie, is leersaam. Maak seker dat die betrokke spesie nie dalk beskerm word nie.

Reël 2 : Indien moontlik, onderneem vooraf 'n verkenningstog om doellose rondryery en -lopery met swaar gereedskap te verhoed. Dit gee u ook die geleentheid, indien u die eienaar nie reeds ken nie, toestemming te verkry, 'n afspraak in die Lente te maak en die plantmateriaal en terrein te inspekteer. Die beste tyd is die stil Wintermaande - die gereedskap kan tuis gelaat word maar boompies moet goed gemerk word vir latere opsporing. Die gebied kan selfs gekarteer word.

Reël 3 : Beplan die uithaal ekspedisie noukeurig deur:- genoeg tyd toe te laat (pasop om eie vermoëns te oorskat en grondformasie te onderskat).
- vir die innerlike te sorg.
- te sorg vir hulp.
- vroeg te begin.
- ruimskoots voorsiening te maak vir die vervoer van die bome. (Dis hartseer om bome agter te laat omdat daar nie plek is op die voertuig nie.)

Reël 4 : Wees hoflik teenoor die eienaar, ruim die terrein op deur gate op te vul en alle houers te verwyder. Sodoende kan die moontlikheid van toekomstige ekspedisies verseker word.

METODE

1. Steek 'n sirkel 30 tot 45 cm deursnee en 30 cm diep rondom die stam met behulp van 'n skerp graaf. Die graaf word skuins ingesteek sodat die gat wat ontstaan soos 'n skottel gevorm word. 'n Tweede sirkel word 7 tot 14 cm binne die eerste afgesteek

2. Die grond tussen die twee sirkels word uitgesteek en enige beseerde wortels afgesny met 'n

skerp mes. Die wortels word geseël met boomseëlaar. Skoon wonde heel vinnig en fyn wortels sal gou vorm. [Indien die boom eers in die daaropvolgende siesoen verwyder word, word die sloot gevul met 'n los grondmengsel.]

3. Die boom word drasties gesnoei vir die gekose styl. Oortollige takke word verwyder om sodoende die balans tussen bo-groei en wortels te herstel.

4. Die wortel/grondmassa word ondergrawe en penen ander wortels word met 'n skerp mes of snoeiskêr afgesny. [Indien die boom eers in die daaropvolgende siesoen verwyder word, sal die buitenste sirkel weer afgesteek moet word om deur die nuwe wortels te sny.]

5. Die wortelmassa word toegemaak in nat koerantpapier of mos en toegevou in 'n plastieksak waarna dit vasgebind word aan die stam van die boom. Hou die blare en takkies nat met 'm fyn spuit of omhul dit met plastiek om vog te behou tydens die terugreis.

6. Tuis word die wortels ontrafel en oopgesprei in die voorbereide houer half-vol grondmengsel. Hierna word verdere grondmengsel versigtig ingewerk tussen die wortels totdat die boom stewig staan. Dit is somtyds nodig om die stam aan die houer vas te maak - die ou bas moet egter nie beskadig word nie. Die grond word ingewerk sonder dat dit kompakteer en tot onder die rand van die houer gevul.

7. Die houer word in die koelte geplaas op bakstene vir beter dreinering en ventilasie. Die boom word deeglik benat. Na my mening vat bome makliker indien hul met reënwater natgemaak word.

8. Pogings moet aangewend word om die bome vir die volgende weke daaglike twee maal per dag te benat met fynsproei. Na die eerste deurweking van die wortels moet die grond versigtig klam eerder as nat gehou word. Die grond mag op hierdie sensitiewe staduim nie toegelaat word om heeltemal uit te droog nie.

9. Die boom behoort na 'n jaar gereed te wees vir verplanting en verdere opleiding. Ouer bome behoort onbeheersd te groei vir die eerste jaar vir wortelvorming. Die boom kan daarna gesnoei word maar kan steeds vir nog 'n seisoen in dieselfde houer groei.